# DIE GOEDKEURING VAN KERKRADE VIR 'N NUWE VERBAND IN DIE NG KERKFAMILIE?

P J Strauss[1]

## OPSOMMING

Hierdie artikel gaan in op die vraag watter vergadering(s) binne gereformeerde kerkverband die bevoegdheid moet hê om oor die verandering van die belydenisskrifte en die samestelling en inhoud van die kerkverband te besluit. Die geval van die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie word spesifiek ondersoek. Die artikel kom tot 'n redelike eenvoudige gevolgtrekking. As dit aanvaar word dat gemeentes — onder die opsig en tug van kerkrade — volledig kerk is, en dat gemeentes 'n kerkverband vorm, moet kerkrade oor die belydenis en aard van die kerkverband waartoe hulle toetree, besluit. Die sigbare eenheid van die kerk is enersyds 'n niegedetailleerde, algemeen Bybelse beginsel. Aan die ander kant geskied die formulering van 'n spesifieke belydenis en die strukturering van 'n spesifieke kerkverband ook altyd binne 'n bepaalde historiese konteks. Hiertoe moet die gelowiges (gemeentes) gewillig én met die oortuiging dat dit Gods wil is, kan toetree.

## ABSTRACT

### THE CONSENT OF CONSISTORIES FOR THE FORMING OF A NEW DENOMINATION IN THE FAMILY OF DUTCH REFORMED CHURCHES?

This article probes the question of which assembly within a reformed church denomination — in this case the family of Dutch Reformed Churches — should have the jurisdiction in deciding on the alteration of the confession(s) and especially, the constitution and contents of this denomination. The conclusion is a fairly simple one. If it is accepted that the congregation, as governed by consistories, is a fully fledged church and that congregations constitute a specific denomination, then the consistories involved should decide the matter. Congregations should be able to give their consent to the new denomination they enter into. On the one hand the undefined and general structural unity of the church, is a Biblical principle. On the other hand, the formulation and constitution of confessions and specific denominations is a matter for the believers within a certain historical context. They should also be able to enter into a strucrure of chnrch unity willingly and in the belief — because the church is an institution of faith — that it is the will of God.

1 Prof P J Strauss, Departementshoof, Departement Ekklesiologie, UOVS, Posbus 339, Bloemfontein, 9300, Suid-Afrika.

# 1. 'N NUWE KERKVERBAND?

Vir die doel van die eenheidsproses wat tans in die NG Kerkfamilie aan die gang is, word daar verskillende benaminge gebruik. Sommige praat van "kerkvereniging", ander bloot van "nouer eenheid" in hierdie familie.[2] Die besluit van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk (NGK) van 1994 wat 'n belangrike mylpaal in hierdie proses verteenwoordig, maak gewag van "die daarstelling van een kerkverband".[3]

Kerkhistories-kerkregtelik beskou het ons hier met 'n proses te make waarin 'n nuwe kerkverband die Federale Raad van NG Kerke wat uit 1964 dateer, moet vervang. Vir alle praktiese doeleindes het hierdie Raad tans opgehou om te funksioneer. As sulks was die Federale Raad die vergadering van 'n federale vorm van kerkverband waarin die besluite van die gesamentlike of meerdere vergadering(s) die deelnemende kerke, formeel-juridies gesproke, nie bind nie, maar adviseer.[4] Natuurlik sou die besluite as adviese vanweë hulle Bybelse begronding die deelnemendes andersins kon bind.

So 'n federale verband is normaalweg 'n "losser" vorm van kerkverband en moet onderskei word van 'n sinodale vorm van kerkverband. In laasgenoemde neem die meerdere vergaderings wel besluite wat, naas die feit dat dit vanweë Skrifgetrouheid en dus gegrond op Christus se gesag moet bind, ook formeel-juridies bindend is vir sy mindere vergaderings én deelnemende gemeentes. Dit is dus 'n nouer of hegter vorm van kerkverband.[5]

In sy aanduiding van die doel van die proses as onder meer die totstandkoming van een kerkverband in die NG Kerkfamilie, het die Algemene Sinode van 1994 as moontlikheid die totstandkoming van 'n gemeenskaplike sinode vir die daardie lede van die NG

2 Vgl Interimkomitee Moderamen NGK in die OVS 06.08.1997: 1 vir "kerkvereniging" en Strauss (1997a:9) vir "nouere kerkeenheid".

3 NGK Algemene Sinode (1994:440).

4 Vgl Van der Watt (1987:23-25) vir die geskiedenis van die totstandkoming van die Federale Raad en sy volledige "konstitusie".

5 Strauss (1997a:9).

Kerkfamilie wat hoofsaaklik in Suid-Afrika gesentreer is, gestel.[6] Die doel was dus 'n verandering van 'n federale struktuur wat om verskeie redes onklaar geraak het, na 'n meer hegte sinodale struktuur. Dit beteken dat ons nie hier van kerkvereniging of die eerste sprake van één kerkverband in die geskiedenis van die NG Kerkfamilie kan praat nie. Dit gaan hier om óf nouer eenheid óf die wysiging van die kerkverband óf 'n nuwe kerkverband in hierdie familie.[7]

## 2. EENHEID, WAARHEID EN KERKVERBAND

Gereformeerd-kerkregtelik beskou is die vorming van 'n gemeenskaplike kerkverband natuurlik nie die enigste uitdrukkingsvorm van sogenaamde sigbare kerkeenheid nie. Tussen die gemeentes van die Nuwe Testament was daar byvoorbeeld geen strukturele soort eenheid of 'n kerkverband in die moderne sin van die woord nie. As liggaam (gebou, tempel, en so meer van God-drieënig, I Kor 3, Ef 4) van Christus was hulle egter onteenseglik een in ander "sigbare" aspekte: leer en diens.[8] Mens sou in hierdie geval kon praat van een geloofsverband wat hom op verskeie maniere "sigbaar" vergestalt het. Net so kon die gereformeerdes by die Nederlandse Sinode van Emden in 1571 tereg verklaar dat hulle een

6 NGK Algemene Sinode (1994:442). Die kerke wat uitdruklik in die besluit genoem word, is die NG Kerk, die NG Sendingkerk, die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa.

7 Die NGK het self in 1962 van 'n federale verband (met die destydse Federale Raad van Kerke) na 'n sinodale verband (met die Algemene Sinode) oorgeskakel. In hierdie verband maak die voorsitter van die konvensie wat die eerste Algemene Sinode in 1962 voorafgegaan het, EP Groenewald, in sy kort openingsrede die stelling dat "die eenheidsband van die sinode" in 1862 verbreek is sonder dat die "innerlike eenheid, soos dit in die belydenis, die ampsbediening en die lewe van die kerk tot uitdrukking gekom het," geskend is. Vir hom gaan dit in 1962 om die "herstel van die sinodale eenheid" in die NGK: 'n saak wat deur die stigting van die Federale Raad voorberei is, NGK Algemene Sinode (1962:222-223). Vgl Van der Watt (1975:165) se soortgelyke beredenering.

8 Du Plooy (1979:83) noem dit 'n "duidelike dogmatologiese en diakoniologiese eenheid ... en tog nie 'n 'vereniging' nie". Op 'n ander plek praat hy van 'n "sigbare geloofsband en gemeenskapsband" (1979:80).

met die Franse gereformeerdes is. Nie omdat hulle sogenaamd struktureel een is of in een kerkverband saamleef nie, maar omdat die inhoud van die Confessio Belgica of Nederlandse Geloofsbelydenis ooreenstem met die inhoud van die Confessio Gallicana of Franse Geloofsbelydenis van 1559. In artikel 2 van sy handelinge besluit hierdie bekende vergadering om:

> insgelijks ook de belijdenis der kerken in Frankrijk te ondertekenen, om daarmede haar verbindingen en enigheid met dezelfde Franse kerken te betuigen ...[9]

Die feit dat die Bybel nie die moderne kerkverband ken nie én dat daar ander sigbare uitdrukkings van kerkeenheid is, maak laasgenoemde egter nie oorbodig of onbelangrik nie. Inteendeel. Hoewel die Bybel nie direkte, spesifiserende eise oor die strukturele kante van kerkeenheid bevat nie en op hierdie punte slegs die destydse stande van sake rondom die eenheid tussen die gemeentes weergee, is die Skrif tog baie duidelik oor die noodsaak van eenheid — waaronder die "sigbare" gestaltegewing daarvan in talle opsigte — tussen die gelowiges van alle gemeentes of Christelike kerke. Ware eenheid bou egter op gemeenskaplike geloofswaarhede omdat dit geloofseenheid is (vgl bv Ef 4:1-16). So verteenwoordig die leer en diens waarna ons sopas verwys het, niks anders as 'n eenheid in bepaalde geloofsoortuiginge nie; 'n eenheid wat weer tot 'n bepaalde kerklike bediening — primêr die bediening van die Woord — moet aanleiding gee. Hoe groter die geloofseenheid, hoe intiemer — met inagneming van afstand en ander "praktiese" faktore — die eenheidstruktuur en hoe meer die gemeenskaplike geloofsgoed tussen gemeentes of kerke.

Dit bring ons by die kwessie van kerkverband. Kerkverband as 'n bepaalde geloofsverband kan prinsipieel gesproke niks anders wees as die strukturele gestaltegewing van reeds aanwesige, meer fundamentele, uitdrukkings van geloofseenheid nie: 'n gemeenskaplike geloofsbelydenis (of belydenisse) as akkoord van kerklike gemeenskap en gemeenskaplike uitgangspunte vir die inrigting en regering

9 Teks van die handelinge van die Sinode van Emden (04.10.1571) by Pont (1981:103vv).

van die kerk. Die aard en inrigting van die betrokke kerkverband hang prinsipieel regstreeks af van die aard en vorme van geestelike of geloofseenheid wat reeds tussen die betrokke gemeentes of kerke bestaan.[10] Die geestelike houvas van fundamentele geestelike waarhede op gelowiges — deur die Gees van God — bewerk ware geloofseenheid onder hulle[11] en dring hulle as't ware in bepaalde situasies waarin dit geografies en andersins moontlik is, tot die vorming van een kerkverbaud. In hierdie sin sou ons ook kon praat van 'n Goddellike opdrag.[12]

In die lig van die betoog tot dusver moet ek wys op twee wanopvattings in hierdie verband wat ons onder sommige in die NGK-familie aantref.

Die eerste een is dat strukturele eenheid ('n tipiese NGK-term!) per implikasie slegs sinodale eenheid kan wees. Daarmee word bogenoemde federale struktuur geïgnoreer. Meer nog: daarmee word een opsie in kerkverband tot die enigste opsie verhef en dus verabsoluteer.[13]

Die tweede is dat strukturele eenheid in die sin van een sinodale verband eerste kom; groter eenheid, selfs eenheid in kernsake (waaronder belydeniskwessies), kan daarná kom.[14] Dit kan nie,

10 Vgl Barth (1967:678); Engelsma (1996:58); Strauss (1997b:175vv.).

11 Vgl Schultz (1978:12-13).

12 Bouwman (1985:16-17).

13 Die Belharbelydenis van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika (VGKSA) sluit by implikasie die federale verband soos in die 1980's in die NGK-familie in as hy dit het teen wat hy noem "aparte kerkformasie". In konteks is strukturele kerkeenheid volgens Belhar dus prinsipieel uitsluitlik één sinodale verband waarin daar, gelet op die huidige inrigting van die VGKSA, slegs die moontlikheid van "aparte" gemeentes bestaan (Die Kerkbode 20.02.1998:12).

14 Vgl die standpunt van die VGKSA oor die hantering van die Belydenis van Belhar binne 'n nuwe kerkverband vir die NGK-familie, Die Fakkel 1998 (4e kwartaal), bylaag:4; asook die besluit van die Algemene Sinode van 1994 van die NGK dat die Gesamentlike Kommissie van die NGK-familie 'n gemeenskaplike kerkorde mag ontwerp voordat daar 'n antwoord op die vraag of die Belydenis van Belhar in die nuwe kerkverband 'n plek gaan kry, verkry is (1994:441).

omdat die struktuur juis 'n uitdrukking of die gevolg is van geloofseenheid in kernsake én daardeur bepaal word. Die struktuur máák nie die eenheid nie, die eenheid maak die struktuur. Die Bybelse eise vir kerkeenheid is deel van die kernwaarhede wat die gelowiges as kerk moet glo, maar 'n bepaalde struktuur of kerkinrigting vorm die toepassing van hierdie oortuiging in 'n bepaalde situasie. Die spesifieke inhoud van só 'n inrigting is geen "direkte" Bybelse voorskrif nie. By sy inrigting moet die kerk in elke geval rekening hou met die omgewing waarin dit tot stand kom: 'n omgewing waarop historiese, kulturele, geografiese en talle ander elemente in alle gevalle ook inspeel. 'n Sinvolle of prinsipieel-korrekte verrekening van hierdie elemente bevorder die effektiewe bediening van die Woord in die op- en uitbou van die kerk, sonder om kerkeenheid te skaad. So vorm dit deel van 'n proses waarin die kerk dinamies en sigbaar op 'n bepaalde plek "grondvat".

Vir 'n vollediger perspektief is dit nodig om te beklemtoon dat geloofseenheid in die beste gereformeerde tradisie ook nie eendersheid in alle geloofsake behels nie, maar 'n saamglo in kernsake. Daarom moet gereformeerdes ook nie-sektaries ruimte gee vir verdraagsaamheid in minder ernstige kwessies.

Die NGK-familie is dus in 'n proses op soek na 'n nuwe kerkverband.

Intussen het 'n kernvraag in hierdie proses, 'n vraag wat alreeds deur die Algemene Sinode van 1994 van die NGK op 'n bepaalde manier hanteer is, in 1998 sterk in die kollig gekom: die vraag na die rol van kerkrade en gemeentes binne die proses. Dit is op hierdie vraag, teen die agtergrond van wat tot dusver hier oor kerkverband gesê is, dat hierdie artikel konsentreer.

## 3. KERKRADE EN GEMEENTES IN DIE KOLLIG

Die Algemene Sinode van 1994 van die NGK het besluit dat sy voorstelle én latere besluite oor kerkeenheid, ook aan al die mindere vergaderings (waaronder kerkrade), vir kommentaar voorgelê moet

word voordat sinodes en die Algemene Sinode die saak finaliseer. Selfs individuele lidmate kon en kan steeds hulle stem laat hoor.[15]

Die implikasie hiervan is dus nie dat die kerkrade of gemeentes van die NGK die uiteindelike besluit moet neem of goedkeur nie, maar bloot dat hul menings gehoor en, waar sinodes en die Algemene Sinode dit verantwoord ag, in berekening gebring word.

Twee redes het moontlik tot hierdie besluit gelei. In die eerste plek bestaan daar 'n groeiende besef in hierdie geledere dat daar nie 'n kloof tussen die gemeentes en die Algemene Sinode moet ontwikkel nie. Laasgenoemde moet die gemeentes in ernstige kwessies probeer oorreed en saamneem. Anders kom daar dalk 'n herhaling van die soort skeuring na 1986 wat op die stuk "Kerk en Samelewing" gevolg en op die ontstaan van die Afrikaanse Protestantse Kerk uitgeloop het.[16] In die tweede plek kan dit net wees dat die besef dat die gemeente in die gereformeerde sin van die woord volledig kerk is, reeds in 1994 by sinodegangers aanwesig was. In hierdie tradisie, soos later sal blyk, vorm gemeentes kerkverband.

Hierdie beoogde betrokkenheid van kerkrade en gemeentes by die eenheidsproses het tussen die Algemene Sinodes van 1994 en 1998 reeds by twee geleenthede plaasgevind: toe kommentaar op die besluite van 1994 gevra is[17] en die Belydenis van Belhar op versoek van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika (VGKSA) in 1998 aan gemeentes en kerkrade vir kommentaar voorgelê is.[18]

15 NGK Algemene Sinode (1994:441).

16 Skrywer was getuie toe prof JA Heyns by die Algemene Sinode van 1994 van die vloer af die historiese opmerking tydens die debat oor die kinderkommunie gemaak het, dat "as ons in 1986 geweet het wat ons nou weet, ons die saak rondom 'Kerk en Samelewing' anders sou aangepak het". Hierdie bydrae was 'n belangrike faktor om die saak onder bespreking eers vir kommentaar na die sinodes te verwys (NGK Algemene Sinode 1994:449).

17 NGK Algemene Sinode 1998 Agenda (1998:17).

18 NGK Algemene Sinode 1998 Addendum Agenda (1998:35,40-41).

Byna geruisloos en onderweg met die proses, is die volgende stelling by 'n beraad van die Algemene Sinodale Kommissie van die NGK (ASK-NGK) in Oktober 1997 geformuleer:

> In die besluitnemingsproses onderweg na kerkvereniging (sic!) moet kerkrade hulle rol speel.[19]

Wat hierdie rol moet wees, is nie deur hierdie byeenkoms uitgespel nie. Dit kan egter aanvaar word dat dit nie van die sinodebesluit van 1994 sou verskil nie.

Die hele saak sou in die laaste kwart van 1998 egter 'n drastiese wending neem.

Op 'n buitengewone vergadering op 8 Oktober oordeel die Vrystaatse Sinode van die NGK dat 'n nuwe verband in die NGK-familie, met al sy besonderhede, "ook deur die kerkrade goedgekeur moet word". Volgens die vergadering vorm die gemeentes as volledige kerke 'n kerkverband sodat hulle ook moet besluit oor hul toetrede tot 'n nuwe verband. Daarom versoek hierdie Sinode

> die Algemene Sinode om hierdie beginsel te aanvaar en onderneem (hy) om dit in elke geval in sy eie sinodale gebied toe te pas.[20]

In reaksie hierop besluit die Algemene Sinode van 1998 op 17 Oktober dat

> elke kerkraad inspraak behoort te hê in die totstandkoming van 'n nuwe kerkverband.

Die wyse waarop dit geskied, sal egter op aanbeveling van die Algemene Regskommissie by 'n volgende sinode bepaal word.[21] "Kommentaar" is dus nou gewysig na "inspraak", hoewel sonder nadere kwalifikasie.

Hierdie wending kry in die doodsnikke van 1998 uit byna onverwagte oord nog 'n verdere ondersteunende stimulus: van die burgerlike hof. In die uitspraak van die appèlsaak tussen die VGKSA en die NG Kerk in Afrika (NGKA), op 27 November, oordeel 'n

19 NGK Algemene Sinode 1998 Agenda (1998: 19).

20 NGK in die OVS (08.10.1998:8).

21 NGK Algemene Sinode (1998:468).

volle regbank van 5 regters van die Appèlhof eenparig dat die belydenis en die aard van kerkwees (kerkverband) van gemeentes in die gereformeerd-presbiteriale tradisie nie sonder hulle toestemming verander mag word nie. Hierdie toestemming van die kerkrade moes in die NGKA van 1991 (die NGK het soortgelyke kerkordelike reëlings) deur middel van 'n tweederde meerderheid van hulle afgevaardigdes by die sinodes kom,[22] hoewel nie ongekwalifiseerd nie.[23] Daarop word nie nou ingegaan nie. Een van die regters — met die steun van drie van sy kollegas — verklaar verder in 'n aparte nota dat dit alles in effek daarop neerkom dat die belydenis alleen gewysig kan word deur twee derdes van "alle gemeentes" wat "vooraf moet toestem tot die voorgestelde wysiging".[24] Totdat dit deur 'n volle regbank van die Appèlhof gewysig word, bind hierdie uitspraak alle Suid-Afrikaanse howe in soortgelyke sake.

Dit verbaas dus nie dat die redakteur van *Die Algemene Kerkbode* sy redaksionele kolomme vir die jaar afsluit met 'n verwysing na hierdie uitspraak nie. Vir hom beteken dit dat kerkrade en gemeentes heelpad deel moet wees van die proses en dat daar nie "kant en klaar vir hulle en namens hulle besluit sal kan word nie".[25]

Intussen het die VGKSA dit byna ongemerk in artikel 11 van sy Kerkorde van 1994 laat opneem dat 'n wysiging aan die belydenis van hierdie kerk alleen met 'n twee derde meerderheid van die gemeentes goedgekeur kan word.[26] Ten opsigte van die wysiging van die belydenis staan die VGKSA en die NGK in die OVS dus nou op dieselfde beginsel. En in beide gevalle kan dit deurslaggewende gevolge vir die eenheidsproses in die NGK-familie hê!

22 Die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika, Saakno 536/96, Uitspraak Vivier: 27,33,34.

23 Die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika, Saakno 536/96, Uitspraak Vivier: 38.

24 Die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika, Saakno 536/96, Uitspraak Harms: 9,11.

25 *Die Algemene Kerkbode* (11 en 12.12.1998:4).

26 By Strauss (1997a:11).

Hierdie verskuiwings in 1998 het die resultaat dat die vraag of kerkrade en gemeentes hoegenaamd geken moet word in die eenheidsproses, nie meer in geding is nie. Dit gaan nou bloot om die vraag hóé hul inspraak moet lyk. Behels hierdie inspraak kommentaar wat nie noodwendig deur die sinodes en die Algemene Sinode eerbiedig of gevolg hoef te word nie, of goedkeuring? En as die gemeentes dan moet goedkeur: kan hulle dit doen deur hul afgevaardigdes na die sinodes waarna alle gemeentes in die NGK deur middel van hulle kerkrade direk afvaardig, of moet die kerkrade self besluit?

Om hierdie vrae te probeer beantwoord, sal daar eers uit 'n ekklesiologies-kerkregtelike hoek gekyk moet word na die vraag wie kerkverband vorm. Die uitkoms hiervan sal bepalend wees vir die antwoord op die vrae. Bykomstig sal ons ook die onlangse verwikkelinge in die burgerlike hof in Suid-Afrika soos van toepassing op hierdie kwessie, oorweeg.

## 4. WIE VORM KERKVERBAND?

Daar bestaan 'n breë konsensus onder gereformeerdes dat kerkverband — in federale en sinodale sin — 'n verband van gemeentes is. Gemeentes met dieselfde belydenis(se) en uitgangspunte vir die regering en inrigting van die kerk, soek mekaar normaalweg in kerkverband op.[27]

In 'n saamtrekking van Skriflyne op hierdie punt stel artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dit dat ons die ware kerk daar aantref waar die Woord van God en die sakramente suiwer bedien en die kerklike tug gehandhaaf word. Omdat hierdie dinge in die gemeente gebeur, beteken dit dat die gemeente volledig en selfstandig kerk is. Dit is ook net hier waar ons die ampte of dienste

27 Vgl Rutgers (1882:38); Bouwman (1985:13-14); Spoelstra (1989:170).

28 Bouwman (1985:16); vgl in hierdie verband ook die ou kerkordemaatreël wat predikante verbied om ampswerk in 'n ander gemeente as sy eie te verrig sonder die toestemming van die betrokke kerkraad, NGK Kerkorde (1994:3 artikel 10).

aantref. Vandaar die bekende oortuiging onder gereformeerdes dat die ampte uitsluitlik aan die gemeente verbonde is.[28] Daarom ook die opmerking van die gereformeerde dogmatikus, Herman Bavinck, dat, selfs al bly daar net een gemeente in die wêreld oor, dit nog steeds volledig en selfstandig kerk kan wees.[29]

Hoe word kerkverband gevorm? En waarom sou gemeentes as selfstandige kerke tot kerkverband toetree?

Kronologies gesproke gaan nie alle gemeentes in 'n bepaalde kerkverband die verband vooraf nie: die verband is dikwels ouer as baie van die gemeentes wat daarin saamgetrek is. Tog gaan die gemeente die verband prinsipieel vooraf. As kerkverband 'n verband van gemeentes as komplete/volledige kerke is, spreek dit eintlik vanself dat daar nie van 'n verband sprake kan wees voordat daar nie kerke of gemeentes is nie.[30] As 'n gemeenskap uit mense bestaan, kan daar tog nie 'n gemeenskap wees as daar nie mense is nie. En as daar uit hierdie of ander mense nog mense bykom wat by hierdie gemeenskap kan en wil inskakel, vind daar bloot 'n uitbreiding plaas. Vandaar die bekende beeldspraak van moeder- en dogtergemeentes wat ekklesiologies gesien nooit posisies hoër en laer in rang kan beteken nie. Volledige en selfstandige kerke of gemeentes — soos volwasse moeders en dogters as vroue — is immers priusipieel beskou ook gelykwaardig. Ook al sou die een meer lidmate en dominees hê as die ander.[31]

Die gemeente is niks anders as die openbaring van die universele liggaam van die Here Jesus op 'n bepaalde plek nie: die mense wat Hy deur sy Woord en Gees in die konkrete lewe op 'n bepaalde plek — "in die eenheid van die ware geloof"[32] — rondom die Woord en die sakramente vergader nie. En, hoewel die gemeentes hierdie

29 Bavinck (1967:356).

30 Bouwman (1985:13) motiveer hierdie stelling oortuigend.

31 Hovius (1972:17).

32 Vgl die klassieke antwoord van die Heidelbergse Kategismus (vr 54) op die vraag "Wat glo jy van die heilige, algemene Christelike kerk?". Vir die "eenheid van die ware geloof" steun die HK se latere teksbyvoeging hier tereg op Ef 4:3-5. Die hele Ef 4:1-17 met sy "om in liefde vanuit die eenheid van die ware geloof op te groei na die waarheid toe", is egter ter sake.

eenheid in Christus as 'n gemeenskaplike gawe het, is dit ook 'n staande opdrag (vgl Ef 4 ens). Gemeentes wat deur die Gees van God in die greep van dieselfde kernwaarhede verkeer, soek mekaar dus vanuit die eenheid van die kerk as gegewe op, maar herken die eenheid terselfdertyd ook as 'n opdrag. Die goeie dinge in die lewe is deur God gegee, maar die vashou en uitbouing daarvan 'n opdrag.[33] God wat gebied, rus egter ook toe.

Gemeentes tree dus toe tot kerkverband, nie om kerk te word nie, maar juis omdat hulle kerk is. Die gemeente is volledig kerk, maar nie die hele of algemene kerk nie.[34]

## 5. DIE GEMEENTES MOET BESLUIT

Op hierdie punt tref ons 'n bepaalde tradisionele formulering by sekere Nederlandse, gereformeerde kerkregtelikes aan wat die vorming van kerkverband deur gemeentes as volledige kerke as vrywillig én 'n Goddellike opdrag sien. Die twee oorwegings word egter nie van mekaar losgemaak nie. In die woorde van H Bouwman:

> ... dat de kerk als liggaam van Christus een eenheid zijnde ook in de praktijk die eenheid zoveel mogelijk heeft te vertoonen, en dat de kerken vrijwillig samengekomen op grond van de gemeenschappelijke belijdenis en kerkenordening, ook getrouw naar eisch van Gods Woord de eenheid en de orde der kerken hebben te handhaven.[35]

Dit gaan dus hier om 'n vrywilligheid omdat God roep. En hierdie roeping sluit die leiding van die Gees tot 'n gemeenskaplike belydenis en kerkorde in. Dit is dus 'n roeping gekoppel aan sekere, herkenbare voorwaardes. 'n Roeping wat ook nie die "vrywillige" aanvaarding van 'n eie verantwoordelikheid in hiërdie verband deur die gemeente, as die openbaring van die liggaam van Christus op 'n bepaalde plek, uitskakel nie.

Op hierdie lyn van argumentasie kan ons tot geen ander gevolgtrekking kom nie as dat die gemeentes wat kerkverband

33 Bouwman (1985:17).

34 Hierdie formulering van Heyns (1977:170).

35 Bouwman (1985:16-17); Rutgers (1882:38-39); vgl ook Kleynhans (1985:10) wat hierdie formulering oorneem.

konstitueer, ook moet kan besluit oor die aard en kernbesonderhede van hierdie verband. Dit is die gemeentes wat in die eenheid van die kerk saam in die greep van 'n bepaalde belydenis kom; wat 'n bepaalde stuk as belydenis aanvaar of verwerp.[36] Dit is ook die gemeentes wat by toetrede tot kerkverband met mekaar ooreenkom om 'n federale of sinodale verband te vorm; wat besluit watter meerdere vergaderings instrumente van hierdie verband sal wees en war elkeen van die vergaderings se bevoegdhede sal wees;[37] watter rake of sake wat die gemeentes nie alleen kan afhandel nie, deur watter meerdere vergaderings waarin die gemeentes saam optree, hanteer moet word. Daarom noem ons in gereformeerde taal die belydenis die akkoord van kerklike gemeenskap en die kerkorde die praktiese en ordegerigte onderlinge reëling waardeur die Woord van God sy vrye loop in hierdie verband kan hê.[38] En daarom praat sommige van ons in hierdie tradisie van meerdere vergaderings as vergaderings van gemeentes deur middel van hul afgevaardigdes.[39]

Die vraag is nou: watter van hierdie sake moet deur die kerkrade as die instansies aan wie die opsig en tug in die gemeente toevertrou is, goedgekeur word en watter deur meerdere vergaderings van die afgevaardigdes van hierdie gemeentes — afgevaardig deur hulle onderskeie kerkrade? Sou al hierdie sake byvoorbeeld deur sinodes waarna die kerkrade direk afvaardig, afgehandel kon word? Of moet ons onderskei? Is daar sake vir sinodes, maar ook sake waaroor die gemeentes self moet besluit?

## 6. HOE MOET DIE GEMEENTES BESLUIT?

Dit spreek vanself dat die kerkrade nie oor alle sake wat die gemeentes gesamentlik aangaan, kan besluit nie. Dit sou die

36 Dit is ook in die gemeente waar die gelowige lidmaat is, belydenis aflê ens.

37 'n Vergelykende studie van gereformeerde kerke wêreldwyd toon aan dat die aantal meerdere vergaderings in 'n bepaalde kerkverband afhang van die omvang van die gesamentlike arbeid van die betrokke gemeentes. Dit wissel van kerk tot kerk.

38 Vgl Smit (1984:62-69).

39 Rutgers (1971:17); Bouwman (1985:17); Du Plooy (1979:117).

uitgerekte prosedure vir beslissings oor minder belangrike kwessies absurd laat lyk en bowendien die kwessie van oorlegpleging en oorreding as middele wat die Gees van God tydens vergaderings aanwend, uitskakel.

Aan die ander kant is dit ook nie ongekwalifiseerd waar dat die afgevaardigdes na meerdere vergaderings namens of soos die gemeentes besluit nie. Die kerk is nie 'n demokrasie waarin daar sprake is van die verteenwoordiging van kiesafdelings of die oortuigings van sekere belangegroepe nie. Omdat die kerk Christokraties regeer word, werk alle kerkvergaderings met 'n van-Christus-verleende gesag of bevoegdheid. Dit gaan hier om Christus wat verteenwoordig word, nie die kerkvolk of 'n deel van die kerkvolk nie. Daarom moet lede van alle kerkvergaderings eerstens na die wil van God vra en juis dít in die konteks van die kerk en samelewing toepas. Die gevolg van hierdie vertrekpunt is dat afgevaardigdes nooit met 'n ander mandaat gestuur kan word as om te gaan luister na Gods Woord op meerdere vergaderings nie. Dit kan dus gebeur dat 'n afgevaardigde anders voel oor 'n bepaalde belydeniskwessie of die wysiging van die kerkverband as die meerderheid van sy kerkraad of gemeente. En dan sou hulle hom of haar nog altyd kon repudieer en 'n eie weg opgaan.

Dit lyk dus asof ons hier sal moet onderskei. As gemeentes toetree tot 'n bepaalde kerkverband op grond van 'n bepaalde belydenis of belydenissse en ooreenstemming in die hoofsake van die regering en inrigting van die kerk, moet hulle self deur middel van hul kerkrade daaroor besluit. Dit is tog die gronde waarop hulle tot hierdie verband toetree. In die gereformeerde tradisie is die Woord *norma normans* en die belydenis *norma normata*. As sulks verteenwoordig dit sleutelelemente van kerkwees en dus van die gemeente: die Gees stig die geloof deur die Woord en die belydenis is die harts- of geloofsantwoord van die kerk of gemeente as geloofsgemeenskap. Daarby verteenwoordig die hoofsake van die regering en inrigting van die kerk die strukturele aard van hierdie aspek: in beide die gemeente en die verband. 'n Kwessie wat ook deur die kerkraad aanvaar moet word voordat hy toetree tot kerkverband. Soos die name van die belydenisse van die kerk, word hierdie hoofsake ook in

die nuwe kerkorde opgeneem én soms — ter onderstreping van die sleutelaard van beide — daarin verskans.[40]

As die fondament waarop (belydenis) en die raamwerk waarbinne (regering en inrigting van die kerk, dus ook kerkverband) die gemeentes funksioneer, moet hierdie twee aspekte egter onderskei word van ander, "alledaagse" kerklike kwessies. Onderhewig aan die beginsel dat meerdere vergaderings nie sake hanteer wat op mindere vergaderings afgehandel kan word nie; dat eersgenoemde hulle by hulle opdrag hou; en dat die vergaderings alle sake vanuit kerklike perspektief in die lig van die Woord van God hanteer,[41] sou laasgenoemde goedskiks deur die betrokke vergaderings hanteer kon word.

Die vasstelling van die belydenis of die wysiging van die kerkverband moet deur die kerkrade as die instansies aan wie die opsig en tug in die gemeentes toevertrou is, goedgekeur word. Hierdie goedkeuring kan beslis nie net beteken dat kerkrade kommentaar lewer óf afvaardig na ander besluitnemende vergaderings nie. Die kerkrade sou egter kon ooreenkom oor die vraag of hierdie goedkeuring 'n konsensus onder kerkrade of 'n bepaalde meerderheid van die kerkrade veronderstel. In beide gevalle sal dit pas by die kerk as geloofsgemeenskap as die uiteindelike besluitneming deel van 'n proses sal wees. Die metode van die kerk is immers om te oorreed, nie om te oorstem of te manupileer nie.

Is hierdie standpunte egter net teologies motiveerbaar: ekklesiologiese wensdenkery wat deur 'n burgerlike hof *ultra vires* verklaar sal word? Of geniet dit ook juridiese erkenning in die Suid-Afrikaanse howe?

40 Vgl NGK Kerkorde (1994:8-10) artikel 36 en 37 vir die kerkverband en artikel 44 vir die belydenis.

41 Vgl NGK Kerkorde (1994:5-6) artikel 18-23.

# 8. WAAR STAAN DIE BURGERLIKE HOF IN SUID-AFRIKA?

Ondervinding het geleer dat die student van die kerkreg wat nie 'n regskwalifikasie het nie, versigtig moet loop as hy hom oor die wel en weë van die burgerlike hof wil uitlaat.

Die gangbare juridiese interpretasie is egter dat die jongste uitspraak van die Appèlhof waarna vroeër in hierdie artikel verwys is, die uitspraak op 27 November 1998 in die saak tussen die VGKSA en NGKA, in soortgelyke sake bindend op alle laere Suid-Afrikaanse howe is. Toegepas op die kerk beteken die uitspraak egter niks meer as dat sekere handelinge in die proses wat gelei het tot die ontstaan van die VGKSA in 1994 aan 'n juridiese toets onderwerp is nie. 'n Juridiese toets wat rekening hou met die eie aard van 'n gereformeerd-presbiteriale kerk én soos hy hom uitdruk in sy kerkorde[42] én dit wat uit 'n regsoogpunt "in die uitsprake van ons howe erken" word.[43]

Die eintlike punt wat deur die hof getoets is, is of die NGKA regsgeldig bestaan of nie. Nader omskryf: die hof het geoordeel dat hy met die getuienis voor hom moes beslis of die 76 gemeentes van die NGKA Vrystaat en die 26 gemeentes van die NGKA Phororo gebonde was aan sekere besluite van hulle eie Algemene Sinode van 1991. As uitsluitlike besluitnemer wou hierdie sinode hulle saam met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in een sinodale verband, die VGKSA, inneem en die hele NGKA ontbind. Die saak het voor die Appèlhof gekom deur 'n appèl van die Sinodes van die NGKA Vrystaat en Phororo teen 'n verklarende bevel van die Vrystaatse Hooggeregshof op 22 Maart 1996. In hierdie bevel is verklaar dat die VGKSA regsgeldig tot stand gekom en al die eiendomme, bates en laste van die regspersone van die NGKA op die ooreenstemmende regspersone van die nuutgestigte VGKSA oorgegaan het.

42 Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika, Saakno 536/98, Uitspraak Vivier AR:14.

43 Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika, Saakno 536/98, Uitspraak Vivier AR:15.

Die uitspraak van die Appèlhof is teen hierdie tyd al ou nuus. Die appèl van die NGKA en sy eie regsgeldige bestaan is gehandhaaf en die saak met koste teen die VGKSA uitgewys.[44]

Sonder om die historiese gang van die totstandkoming van die VGKSA te skets, kan dit gestel word dat die hof in sy beoordeling 'n paar duidelike juridiese aanwysers gegee het. Aanwysers wat ook op hierdie artikel betrekking het.

Volgens die hof is kernelemente van dieselfde prinsipiële lyne as in hierdie artikel voorgestaan, versoenbaar met die geldende reg. Daarom kom die hof tot die slotsom dat kerkrade (en gemeentes) in 'n gereformeerd-presbiteriale stelsel van kerkregering nie teen hulle wil in en eensydig van hulle regspersoonlikheid, eiendom, bates en laste ontneem kan word en dat hulle belydenis en kerkverband nie sonder hulle instemming verander kan word nie. Deur die wysiging van die belydenis egter onder andere van 'n twee derde meerderheid van elke streeksinode afhanklik te maak (soos die NGKA in artikel 36 en die NGK in artikel 44 van hulle kerkordes, PS), word hierdie bevoegdheid van die gemeentes egter in die hande van hul afgevaardigdes na hierdie sinodes geplaas. Alle sinodes is in beginsel vergaderings van gemeentes deur middel van hulle afgevaardigdes. En omdat die gemeentes in die NGKA (soos in die NGK, PS), anders as na die Algemene Sinode, direk na streeksinodes afvaardig, besluit die gemeentes dus deur hulle afgevaardigdes in hierdie sinodes.[45]

Op hierdie punt verklaar regter Harms — ondersteun deur drie kollegas — in sy aparte nota dat die inspraak van die streeksinodes in die wysiging van die belydenis "in effek (beteken) dat twee-derdes van alle gemeentes *vooraf* (my kursivering, PS) moet toestem tot die voorgestelde wysiging."[46] Wat presies hy hiermee bedoel, is egter nie duidelik nie. Moet die gemeentes vooraf besluit wat hulle afgevaardigdes op die streeksinode gaan dink, sê en doen, of gee die regter hiermee aan die hand dat die gemeentes moet besluit?

44 Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika, Saakno 536/98, Uitspraak Vivier AR: 1-4, 44-45.

45 Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika, Saakno 536/98, Uitspraak Vivier AR: 27, 33, 34.

46 Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika, Saakno 536/98, Uitspraak Harms AR: 9.

As dit die eerste opsie is, bots dit met die Christokratiese norm van die gereformeerde kerkreg waarin afgevaardigdes nie bepaalde belange anders as die van Christus op 'n vergadering kan verteenwoordig nie. Hier kan daar nie sprake wees van 'n mandaat uit die mens waarvolgens 'n afgevaardigde moet dink, praat en doen nie. As elke gemeente dit sou doen, maak dit die gesamentlike vergadering as instrument van oorleg en oorreding oorbodig. In die woorde van die gereformeerde kanonikus, FL Rutgers: dan sou 'n stemming per pos goedkoper wees.[47] Dieselfde beswaar, as die bedoeling sou ooreenstem, druk die ongekwalifiseerde standpunt van die hof dat die afgevaardigdes namens die gemeentes besluit. Bowendien skep hierdie benadering 'n ander potensiële probleem: gestel nou die kerkrade wat tereg, volgens die hof, die mandaat het om namens die gemeentes te besluit,[48] verskil met die besluite wat hulle eie afgevaardigdes saam met ander geneem het? Is dit dan nog die kerkrade wat besluit het? Verder: as slegs twee mense in sommige gevalle (in die NGK in die OVS stuur elke kerkraad slegs twee persone na die sinode[49]) namens die hele gemeente die belydenis en/of kerkverband kan wysig, is dit hiërargies en dus ongereformeerd.

Wat dus wel uit die uitspraak van die Appèlhof duidelik is, is dat die kerkrade oor 'n verandering in belydenis en kerkverband moet besluit. Die moontlike logiese vraag wat ontstaan omdat die antwoord daarop nie duidelik is nie, is egter: waarom kan die kerkrade dan nie self hierdie besluite neem nie?

## 9. DIE TRADISIONELE "AL BLY DAAR NET EEN OOR ..."

Die bekende uitspraak van regter Kotze in die saak tussen die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Standerton en die nuwe Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Standerton in 1893 in Transvaal figureer ook in die uitspraak van die Appèlhof.

47 Rutgers (1921:298).

48 Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika, Saakno 536/98, Uitspraak Vivier AR:21.

49 NGK in die OVS (08.10.1998:10-11).

Regter Kotze gaan in sy uitspraak uit van die kerk as 'n universitas. 'n Universitas bestaan voort onafhanklik van die wisseling van sy lede; dit besit regspersoonlikheid; is in staat om aan die regsverkeer deel te neem en kan in sy eie naam en apart van sy lede, eiendom ensomeer besit.[50] Hiervolgens het hierdie regter beslis dat al sou daar net een lid van die oorspronklike universitas (in die onderhawige geval die gemeente) oorbly, hy hierdie regspersoonlikheid en alles wat daarmee saamhang, kontinueer.[51] Hierdie standpunt word ook deur DCG Fourie, 'n vorige aktuarius van die Algemene Sinode van die NGK, met oortuiging gehandhaaf.[52]

Volgens die Appèlhof in die geskrewe uitspraak soos deur regter Vivier, moet hierdie stelling egter "moontlik gekwalifiseer" word. Meer word daar nie aangebied nie, omdat die hof dit nie nodig geag het om in die saak voor hom, hierop in te gaan nie.[53] In sy nota kom regter Harms wel tot die slotsom dat kerkvereniging regtens moeilik, maar nie onmoontlik is nie.[54]

Waarskynlik met die Kotze-uitspraak in die agterkop, het die Raad van Gefedereerde NG Kerke rondom die bekende Verenigingsakte van 1911 (Wet no 23 van 1911) hom na die Parlement gewend om 'n wet te maak waardeur die sogenaamde 4 NG Kerke uit die destydse 4 provinsies van Suid-Afrika kon verenig. In die proses moes, naas die betrokke sinodes, ook 'n driekwart van die kerkrade in die provinsies die sinodale "hereniging" goedkeur. Anders as in die beredenering van hierdie stuk, is die kerkrade en die Parlement hier om pragmatiese redes betrek. Die Raad van Kerke was bang dat "de Kerk" van sy eiendomme en lidmate kon verloor en dat indiwidue, soos destyds in Transvaal met die besit van byvoorbeeld gemeentes, kon wegstap.[55]

50 Schutte (1997:18).

51 Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika, Saakno 536/98, Uitspraak Vivier AR:35vv vir die direkte aanhaling van Kotze.

52 Fourie (1973:283vv).

53 Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika, Saakno 536/98, Uitspraak Vivier AR:38.

54 Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika, Saakno 536/98, Uitspraak Harms AR:11.

55 NGK (1911:5,35).

Op die vraag wat lidmate as individue of in groepe regtens kan doen om hulle teen 'n wysiging van die belydenis of kerkverband te verset, staan ons bes moontlik tans dus op bogenoemde uitvloeisels van die universitasbeginsel wat "moontlik gekwalifiseer" moet word.

## 10. SLOT

Wat is myns insiens die allerbeste weg in hierdie saak? Dat die gereformeerde kerke sake in gehoorsaamheid aan die Skrif en die belydenis sal aanpak; op 'n kerklike wyse en altyd vanuit die perspektief van Christus as Hoof van die kerk en die kosmos. Daarby, dat die gereformeerde kerke regtens ook toegelaat sal word om dit te doen.

As die sinodes en die Algemene Sinode van die NGK in elk geval sou besluit om aan die goedkeuring van kerkrade by die totstandkoming van 'n nuwe verband in die NGK-familie verby te gaan, kan dit wees dat bestaande weerstand teen aspekte van die eenheidsproses tot diepgaande verdeeldheid én verdeling in die NGK aanleiding gee. Werklike prinsipiële besware teen die goedkeuring van kerkrade in hierdie proses kan daar nie wees nie. Boonop sal die geestelike vloeibaarheid en verslapte kerklike lojaliteit wat ons tyd kenmerk, dit vir mense vergemaklik om die NGK te skeur. Jy neem net eenvoudig nie meer onwilliges saam met jou deur hulle te ignoreer of te stoomroller nie.

Die gemeente is prinsipieel gesien volledig kerk, hoewel nie die hele kerk nie. En 'n bepaalde kerkverband bestaan uit daardie gemeentes wat uit innerlike oortuiging in wat hulle beskou as 'n opdrag van God, met mekaar assosieer.

# BIBLIOGRAFIE

BARTH K
1967. *Church Dogmatics IV*. 2de druk. Edinburgh: Clark.

BAVINCK H
1967. *Gereformeerde Dogmatiek IV*. 5de onveranderde druk. Kampen: Kok.

BOUWMAN H
1985. *Gereformeerd Kerkrecht* II. 3de onveranderde druk. Kampen: De Groot Goudriaan.

DIE ALGEMENE KERKBODE
1998. 11 en 12 Desemver 1998.

DIE FAKKEL
1998. (4e kwartaal, nuusblad van die NGK in die OVS).

DIE HOOGSTE HOF VAN APPÈL VAN SUID-AFRIKA
1996. Saakno 536/96.

DIE KERKBODE
1998. 20 Februarie 1998.

DU PLOOY A LE R
1979. *Ekklésia en meerdere vergaderinge*. Potchefstroom: PU vir CHO (ongepubliseerde ThM-verhandeling).

ENGELSMA D J
1996. The authority of the major assemblies. *Protestant Reformed Theological Journal* 30(1): 38-59.

FOURIE D C G
1973. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk as regspersoon in die Suid-Afrikaanse privaatreg*. (Ongepubliseerde DL-proefskrif). Potchefstroom: PU vir CHO.

HEYNS J A
1977. *Die kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

HOVIUS J
1972. *Notities betreffende de Synode te Emden, 1571 en haar artikeln*. Kampen: Kok.

INTERIMKOMITEE NGK IN DIE OVS
1997. Notule 06 Augustus 1997.

KLEYNHANS E P J
1985. *Gereformeerde Kerkreg* III. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

NAUTA D
1971. *Verklaring van de Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland.* Kampen: Kok.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
1911. *Verenigingsacte. Sl: sn.*

1962. *Acta Algemene Sinode. Sl: sn.*

1994. *Acta Algemene Sinode* (gebruik as NGK Algemene Sinode). *Sl: sn.*

1994. *Die Kerkorde* (gebruik as NGK Kerkorde). Wellington: Hugenote-Uitgewers.

1998. *Acta Algemene Sinode. Sl: sn.*

NGK IN DIE OVS
1998. *Handelinge van die Buitengewone Sinode. Sl: sn.*

PONT A
1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*. Pretoria: HAUM.

RUTGERS F L
1882. *Het kerkverband.* Amsterdam: Kruyt.

1921. *Kerklijke adviezen* I. Kampen: Kok.

SCHULZ L F
1978. *Geloof deur die eeue.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

SCHUTTE D J R
1997. *Sogenaamde regstegniese aspekte rondom kerkvereniging.* Ongepubliseerd.

STRAUSS P J
1997a. *Vorme of gestaltes van eenheid in die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie.* Ongepubliseerd.

1997b. Die krisis rondom "meerdere" vergaderings en die Ned Geref Kerk — enkele aantekeninge en raakpunte met teologiese opleiding. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 38(3): 171-179.

SPOELSTRA B

1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering.* Hammanskraal: Teologiese Skool GKSA.

VAN DER WATT P B

1975. *Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962.* Kaapstad: Tafelberg.

1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905-1975.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.